DEEL 114 | WEEK 23 | 10 JUNIE 2022 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# TOESTEMMING OF NIE - DIS ONAANVAARBAAR





Persone wat saam met die FAK op 4 Junie by die Heilbron Begraafplaas aangekom het om die dreineringspype by die Konsentrasiekamp-grafte te verbeter, kon hul oë nie glo toe hulle Heilbron AVBOB se waentjie op die grafte van die konsentrasiekamp sien staan nie. Mnr. Malan, hoof van die FAK, het aanvanklik gedink dat daar 'n onwettige graf gegrawe word, aangesien daar 'n moratorium is teen die grawe van nuwe grafte. Dit was egter die begrafnis van 'n persoon wat te ruste gelê word in 'n bestaande dubbelgraf. Benewens AVBOB se waentjie wat op die grafte staan is daar met hulle voertuie op die terrein rondgery om hul diens te lewer. Dawie Fourie, wat saam met die FAK teenwoordig was, het dadelik daarteen kapsie gemaak. Volgens Fourie het die bestuurderes van Heilbron AVBOB beweer dat die munisipaliteit hulle toestemming gegee het om op die grafte te stop. Mnr. Francis Moeketsi van die munisipaliteit is gekontak om sy kant van die saak te stel. Sy reaksie daarop is:"This is absurd. No one has the right to park on a grave and no one to my knowledge gave anybody permission to park on these graves."

Mnr. Malan vertel dat so 'n daad totaal onaanvaarbaar is, maak nie saak of jy toestemming het of nie het nie, of aan watter kultuur die grafte behoort nie. Die bestuurderes van AVBOB was versoek om hul waentjie van die grafte te verwyder en dat geen voertuie van begrafnisgangers in die area toegelaat word nie, aangesien daar nie parkering binne die begraafplaas is nie en die grafte beskadig kan word. AVBOB het die versoek gehoorsaam. 'n Ongelukkige begrafnisganger het na die diens mnr. Malan en Fourie gespreek omdat hy onder die indruk was dat hy nie sy familie by die begraafplaas mag begrawe nie, waarop mnr. Malan en Fourie verduidelik het dat dit nie die geval was nie en hulle ongelukkig is oor die min respek wat AVBOB getoon het teenoor hulle kultuur. AVBOB Hoofkantoor is gekontak deur die FAK asook deur AfriForum, waarop hulle nie gehuiwer het om die saak reg te stel nie. Mnr. van der Westhuizen het onvoorwaarlik om verskoning gevra aan die FAK, asook die gemeenskap. AVBOB Hoofkantoor het ook 'n donasie gemaak aan die FAK om te help met die omheining van die grafte. Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum op Heilbron, vertel dat hulle saam met die FAK 'n vergadering met Heilbron AVBOB gaan hou om te verseker dat so 'n insident nie weer sal gebeur nie.

Daar was ook 'n situasie die 7de Junie by die sportgronde van Boitumelong skool. Die hoof, mnr. Mosia, het toestemming gegee dat bloekombome afgesny word en dat die hout verkoop word vir die skool se fondse. Die bome is deur konsentrasiekamp-kinders geplant tydens die Anglo Boere Oorlog wat van 1900 tot 1902 plaasgevind het. Gelukkig het inwoners dit raakgesien en mnr. Gerrie Muller, voorsitter van AfriForum op Heilbron, het dadelik Mnr. Mosia gaan spreek, en hom verduidelik dat die bome 'n deel van die Afrikaner kultuurerfenis is. Mosia beweer dat hy nie bewus was dat die bome deel van die erfenis is nie, en dat hy die bome afsny omdat dit sy heining beskadig. Daar is 'n ooreenkoms met Mnr. Mosia aangegaan dat AfriForum op hulle onkostes die bome se takke wat oorhang sal afsny en terugsny sodat die heining nie beskadig sal word nie. AfriForum het ook 'n amptelike brief aan mnr. Mosia gerig waarin hulle hom meedeel dat die afsny van die bome onwettig is, en dat AfriForum vorentoe die instandhouding van die bome sal doen.


**POSITION AVAILABLE**

**IT Technician - Frankfort**

Requirements:

- CompTIA A+, N+ or equivalent experience
- Driving license
- Own transport
- Presentable appearance
- Problem solving and planning skills
- Read, write and speak Afrikaans and English
- Excellent communication skills
- Attention to care and detail
- Ability to work without supervision
- Team player

Main Responsibilities:

- Desktop and laptop repairs
- Network setups and troubleshooting
- Customer queries and call-outs

Email complete CV to
admin@rapidcomputers.co.za
Closing date: 14 June 2022







# HET JY GEWEET?

## Heilbron se konsentrasie bome

In die 1900's het die kinders in die konsentrasiekamp bloekombome gedurende die oorlog rond om die kamp geplant ter ere van die kroning van koning Edward van Engeland. Dit is 'n geskiedkundige feit dat Koningin Victoria op 22 Januarie 1901 oorlede is en volgens Frans Johan Pretorius se boek "Die Anglo Boereoorlog 1899 -1902" het Edward geweier om die kroningsplegtigheid te laat voltrek totdat die vredesverdrag onderteken is. Volgens die "New Standard Encyclopaedia and World Atlas" van 1936 vind ons die volgende gegewens: - Op 22 Januarie 1901 het Prins Edward koning geword met die afsterwe van Koningin Victoria en aanvaar hy die naam Edward VII. Die kroningsplegtigheid van 26 Junie 1902 word uitgestel as gevolg van 'n blindederm aanval en vind plaas op 9 Augustus 1902. Hieruit kan afgelei word dat die bome reeds aangeplant is ter viering van die nuwe koning in Januarie 1901.

# COURAGE REHABILITATION CENTRE

Selfs in 'n klein dorpie soos Heilbron, is die misbruik van dwelms 'n harde realiteit. Op verskeie gebiede raak dit al hoe duideliker dat dwelmhandel en -misbruik in die dorp vlam vat. Daar word ook vermoed dat die misbruik van dwelms hand aan hand gaan met die inbrake wat in die dorp seëvier. Die nie-winsgewende organisasie "Courage Rehabilitation Centre" wat in Nigel gestasioneer is, het ingestem om ook in Heilbron 'n rehabilitasiesentrum te stig vir enige persone wat 'n dwelmverslawing het. Die enigste struikelblok wat die organisasie in die gesig staar is dat hulle huidiglik 'n gebou benodig om die dwelmverslaafdes te huisves. Die gemeenskap word gevra dat indien hulle 'n beskikbare perseel buite die dorp het, hulle gerus Susan Jaers kan kontak by 074 924 8106. Susan vra spesifiek dat hulle 'n plot of plaas benodig vir die eenvoudige rede om die verslaafdes weg te hou uit die area waar hulle dwelms bekom. Die organisasie besoek Sandersville Vrydag 10 Junie by die gemeenskapsaal. Enige persoon wat aan dwelms verslaaf is, is meer as welkom om die geleentheid by te woon.

# PROSTATITIS - SYMPTOMS AND TREATMENT

**• Heilbron Clinic**

Prostatitis is the inflammation (swelling) of the prostate gland. It can be very painful and distressing, but will usually get better eventually. The prostate is a small gland found in men that lies between the penis and the bladder. Unlike other prostate conditions such as prostate enlargement or prostate cancer, which usually affect older men, prostatitis can develop in men of all ages.

Symptoms of prostatitis can include:

- pain in the pelvis, genitals, lower back and buttocks
- pain when urinating
- a frequent need to pee
- difficulty urinating, such as problems starting or "stop-start" peeing

Sometimes you may also experience tiredness, aching joints and muscles, chills, and a high temperature (fever) of 38°C (100.4F) or above. These symptoms usually develop gradually and come and go over several months, but they can sometimes start suddenly.

Treating prostatitis:

Treatment for chronic prostatitis usually aims to control the symptoms. Painkillers such as paracetamol or ibuprofen may help relieve your pain. A medication called an alpha-blocker may also be prescribed if you have problems with urination, as these can help relax the muscles in the prostate gland and the base of the bladder. Occasionally, a four- to six-week course of antibiotics may be prescribed even if no infection is found. This is to see if your condition improves.

For severe symptoms, the use of other painkillers, may need to be considered. The aim is to reduce symptoms to a level where they interfere less with day-to-day activities, rather than getting rid of the pain completely. A referral to the local pain clinic may also be considered. Acute prostatitis is usually treated with painkillers and a two- to four-week course of antibiotics. In some cases, you may need to be treated in hospital if you are very ill or are unable to pass urine (acute urinary retention).

Prostatitis is not cancer and there's currently no clear evidence that it increases your chances of developing prostate cancer.




# Uit die pen:



# WEEK 23 VAN 2022

Iewers moes hierdie besoek aan tannie Liesbet se land ook tot 'n einde kom.

Ons het by een van die twee skole 'n speletjie gespeel waarin ons die moordenaar moes opspoor. Daar hoor ek die eerste keer die term "red herring": wanneer daar 'n vals leidraad uitgegooi word en gehoop word dat dit die speurders van die spoor af sou kry. Ons word in groepe opgedeel.

Nou kyk: as jy my die viesste in wil maak, besluit asseblief in watter groep ek hoort. Ek wil slange vang! Toe ek later van tyd met baie onderwysers op een slag gewerk het, het ek gevra in watter groep hulle wou wees. So min as was ek in 'n groep ingedwing wil word, wou ek hê dat hulle ook die vryheid van keuse hê. Ek wil graag in 'n groep wees met wie ek kan saamwerk en met wie ek kan assosieer.

Ieder geval: so land Het van Verlangekraal in ons groep. Ek en my kollega het haar so genoem. In daardie dae het min mense nog vir Het onthou: sy is mos tans op RSG as 'n radioverhaal. Die rede hoekom sy Het geheet het, was omdat sy op 'n druppel water soos Sally Campher gelyk het (die aktrise wat destyds Het vertolk het) en omdat haar stem so twee desibels hoër was as Het s'n.

Het het haar beste nertsjas saamgebring vir die besoek aan Engeland. Ook haar hoogste, knie-hoogte stewels. Sy bibber soos 'n kiewietjie in patroondoppies wanneer sy van een plek na die volgende waggel. Wanneer ons kan kies tussen 'n stukkie steak (eintlik maar seker perdevleis, nog met die perd se saal op) en Noorweegse salm, kies Het haar steak, want "ek kan net nie sonder vleis nie". Laasgenoemde in haar hemelhoë stemmetjie.

Het was nie goed belese in Engels nie. Nee, nee, ek onderskat haar nou. Vir ons was Engels 'n tweede taal en vir haar 'n vreemde taal. Iemand vra vir haar wanneer ons spannetjie weer gaan terugkom SA toe?

"We will flow back tomorrow." Die enigste plek waar ek ooit die woord "flow" gesien het, was op die Cerebos-soutpotjie. Ieder geval.

Ons was nog laas by die skool vir die speletjie: Ons groep moet met die naam van die moordenaar vorendag kom. Het besluit sommer namens ons wie die moordenaar is en steek haar hand op. Soos 'n bakvissie met baie rooi koeldrank in klap sy haar vinger in die lug vir aandag. Ek wag dat sy uitskree: "Menéér, ménéér!" Gelukkig bly dit my gespaar. Sy gee die naam van die moordenaar. Die fasiliteerder vra of ons dit eens is in die groep? Nee, sê ek (grootbek), ek dink dis iemand anders (steeds grootbek). Jip, sê die fasiliteerder, ek is reg (rede tot grootbek).

Die terugkeer SA toe breek aan: ons ry Heathrow toe om terug te "flow" SA toe. Ons moet weer oorklim in Charles de Gaulle, en hierdie keer drink ek en kollega nie weer 'n slaappil nie.

Toe ons uit die vliegtuig is op pad na die aansluitingsvlug, sê een van die kinders dat hulle 'n sak in die vliegtuig vergeet het. Ek stap gou saam met hom terug vliegtuig toe en kry die sak. Ons is binne 'n oogwink op pad na ons groep. Voor my spring 'n man in 'n netjiese uniform soos 'n voorbode uit die lug. Hy beduie ons moet hom volg.

Nou kyk: ek stry nie met mense met uniforms nie. Veral nie as hy nog 'n keps en 'n paar blink tekens op sy epoulette het nie. Hy neem ons na 'n kantoor: buitekant sien ek die bordjie "Police" en ek begin effens bewe. Ek tik gou die lysie af: ek het self my tas gepak, dis moontlik nog iewers op pad SA toe, my handbagasie het nie chemikalieë in nie, ook nie eers 'n naelvyl nie.

Iemand probeer vir ons vertaal: wat ek kon uitmaak is dat ons ongehinderd toegelaat is om terug te stap na die vliegtuig toe en ons was nie toegelaat om dit te doen nie. Die Polisie stuur 'n vertaler wat vir my maar effens lig in die broek lyk. Die seunskind saam met my begin saggies huil.

"Hey, wat's fout?" vra ek.

"Juffrou, ons gaan nooit weer by die huis kom nie! Hulle gaan ons in die tronk gooi!" Hy is baie omgekrap.

"Nee, nonsens. Alles gaan okay wees." My kop weet nie of dit met my woorde saamstem nie.

Uiteindelik het ek blykbaar 'n verklaring in Frans geskryf en ek moet dit onderteken. Ek het geen idee wat ek teken nie, en kom ek om, so kom ek om. Seunskind het darem al rustiger geraak.

Ek kyk op my horlosie en maak hulle vir die soveelste keer bewus van ons vlug wat gaan vertrek.

"Not worrie" is al wat ek verstaan. "Suis-moi, come wif me" en ek en seunskind laat ons nie twee keer nooi nie. Ons gryp ons handbagasie en volg die man in die uniform met die blink goeters. Hy hol soos Usain Bolt voordat hy beginne sokker speel het. Ons vleg deur mense, en die man met die blink goeters kyk af en toe om om seker te maak dat ek en seunskind (met sy hand stewig in myne) nog in aantog is.

In die verte sien ek ons groepie wat gereed staan om die vliegtuig binne te gaan. Blink uniformman stop almal met sy ysterhand en hulle gehoorsaam gedwee. Blink man lei ons tot by ons sitplekke waar ons uiteindelik moet wag totdat ons groep by ons aansluit. My kolllega wil weet waar ons was?

"Jy wil nie weet nie." Ek vertel haar later die storie.

En so kom ons veilig op SA bodem, die skool kry sy skootrekenaars, ek kry my digitale projektor en 'n witbord (ek wonder of iemand toe die ding aan die gang gekry het?) en ek het 'n hele klomp foto's van 'n heerlike avontuur.

Blink Uniformman ingesluit.

POSTNET HEILBRON
Besigheidsure: Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30 | Saterdae: 09:00 -12:00
Elsstraat 42 • HEILBRON • Tel: 058 853 0006

# HUPPEL TRIPPEL KLUB KRY 'N KUIERGAS

Op 7 Junie was Albie Schoeman die gasspreker. Nadat hy vir die groep vertel het van 'n wonderlike ingryping van die Here terwyl hy baie ernstig siek was aan Covid 19, het hy almal vergas op vermaaklike humor-in-die-kerk-stories. Daar is kort-kort geskaterlag omdat almal kon identifiseer met wat hulle gehoor het.

Op 14 Junie gaan daar eers 'n heerlike, vermaaklike "woord-verklaring speletjie" gespeel word; waarná almal gaan uitvind wat hulle nie geweet van die ontstaan, geskiedenis en interessante mense van ons buurdorp, Petrus Steyn. Nonna Roos en Magdaleen van Rensburg, twee gesoute Petrus Steyners, is by die geleentheid die gaste.

As jy lus is om deel te wees van hierdie lekkerte, kom kuier saam om 10 uur in die Rooi Sitkamer by Huis Bron van Heil. Dit is vry, gratis en mahala!





# BRONNIES SE TROTS!

*Die onder 9 rugbyspan het Dinsdag 7 Junie, in die Valke Sedibeng Finaal teen Noordskool gespeel vir die titel ligawenners. Ongelukkig het Heilbron se span die wedstryd verloor. Dis die eerste en enigste wedstryd wat hulle verloor het sedert die seisoen begin het. As gevolg van Covid maatreëls is hierdie die eerste jaar wat die span geleentheid kry om op die veld uit te draf. Hoërskool Heilbron is baie trots op die spog span. Die span is afgerig deur Thys Bornman en Danie Rietchard.*



*Albie Schoeman*















# AP KERK BASAAR SORG VIR BAIE OPWINDING





Op die foto vl: Gift Roets, Mike Msimanga, Candice Witbooi, William Mnguni, Abram Dumka.

Die APK het Saterdag 4 Junie hul jaarlikse basaar gehou waar hulle 'n heerlike nuwe toevoeging tot die dag aangebring het, 'n pretdraf. Dit het gesorg vir hope opwinding onder fietsryers en drawwers. Kinders het ook 'n geleentheid gekry om met hul skopfietsies om die blok te ry waarna hulle 'n lekkerny pakkie ontvang het. Elke deelnemer het ook 'n medalje ontvang ongeag van hulle plek in die wedloop. Jolien Engelbrecht vertel ook dat die pretdraf 'n eerste was van vele.

# KLEUTERS GENIET POPPEKASVERTONING

















*Op 1 Junie 2022 het meneer Myburgh Kleuterkasteel in Heilbron besoek vir 'n poppekasvertoning. Die tema was Dinosaurs en kleuters het dit baie geniet.*

# OUERSKAP KURSUS



Yolandi Heyns, 'n kliniese sielkundige van Bethlehem wat spesialiseer in kinders, het 4 Junie 'n ouerskap kursus, by die bekende 96 On Breë gastehuis aangebied. Die kursus het gehandel oor gesag, temperament, dissipline en manipulasie. Elke dame wat die geleentheid bygewoon het, het haar eie handleiding ontvang. Yolandi Heyns het verduidelik dat elke mens sy eie temperament het, so ook ons kinders en as ons ons kinders se temperament kan verstaan, maak dit ouerskap soveel makliker. Chrismari Greeff, bestuurderes van 96 On Breë, vertel dat sy baie uitsien na die volgende kursus saam met Yolandi later vanjaar.

# VOORTREKKERS SLUIT KWARTAAL OP HOË NOOT AF



Maandag 7 Junie het Heilbron Voortrekkers hulle kwartaallikse afsluiting gehad. Na 'n kwartaal van lesse voorberei, kampe reël en harde werk kon die offisiere net lekker ontspan en saam die kinders geniet. Daar was behoorlik gespeel en die offisiere moes maar saam hardloop en help punte aanteken. Spele van ou dae was weer bekendgestel soos Jukskei met perdehoewe. Die doelstelling van die Voortrekkers is om ons erfenis oor te dra aan ons kinders en dit is nie net deur geskiedenis leer en museums te besoek nie, maar ‘n groot deel van dit word oorgedra deur spele. So word die spreekwoord beklemtoon, “ons leer so speel-speel’. Die offisiere wil graag hiermee die leerders sterkte toewens met die eksamen en mag hulle heerlik ontspan die vakansie!

# KENNISGEWINGS

## VEILING KENNISGEWING VAN GEREGTELIKE VERKOPING

**In die Landdroshof vir die distrik van Reitz, gehou te Reitz.**
**Saaknommer: 75/2013**
**In die saak tussen:**
**RIEMLAND TRUST (EDMS) BPK**
*Eksekusiekuldeiser*
en
**LEBOHANG ANTONIO MOTAUNG**
**Identiteitsnommer: 780731 5354 085**
*Eksekusieskuldenaar*

Ingevolge Vonnis gelewer op 18 Maart 2022 in die bogemelde Landdroshof en Lasbrief van Eksekusie daarna uitgereik word die goedere hieronder beskryf in eksekusie verkoop op **8 JULIE 2022** om **12:00** te **BALJU KANTORE, DE WETSTRAAT 22, REITZ** aan die hoogste bieër:

**GOEDERE**

1. Eetkamerstel + 6 stoele
2. 1 x 3 Sitplekbank
3. 2 x Riempiesbanke
4. 4 Plaatstoof Kelvinator
5. Defy Mikrogolfoond
6. 3 x TV Staalstaander

**Voorwaardes van verkoping**
Die verkoping is voetstoots en geen waarborg word verskaf nie.

**Neem verder kennis dat**
Hiedie is 'n verkoping in eksekusie kragtens 'n vonnis bekom in bogenoemde hof in terme van Regulasie 20(3) van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008, is die volledige advertensie en beskrywing van goedere beskikbaar 24 uur voorafgaande die verkoping te die kantoor van die Balju Reitz, De Wetstraat 22, Reitz.
Registrasie as koper is 'n vereiste onderworpe aan bepaalde voorwaardes o.a

3.1 voorskrifte van die Verbruikers - Beskermingswet 68 van 2008.
(URLhttp://www.info.gov.za/view/DownloadFileAction?id=99961)
3.2 Fica-wetgewing met betrekking tot identiteit & adresbesonderhede
3.3 betaling van registrasiegeld
3.4 registrasie voorwaardes
• Verkoping sal geskied deur die kantoor van die Balju Reitz met afslaer Wynand Minnie, 083 654 7512
• Advertensiegelde teen heersende publikasietariewe & verkopingkoste volgens Hofreëls, geld
• Wyse van betaling: Kontant, bankgewaarborgde tjek of elektroniese inbetaling onderhewig aan aanvaarbare bewys van betaling.

Gedateer te Reitz op die 17de dag van Mei 2022.
W MINNIE - BALJU
W MINNIE - AFSLAER

**M BLIGNAUT**
**BLIGNAUT & WESSELS**
**PROKUREUR VIR EISER**
**SAREL CILLIERSSTRAAT 29, REITZ**
**VERW: MNR BLIGNAUT/lvt/R170**

## LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNTS IN DECEASED ESTATES LYING FOR INSPECTION

In the Estate of the Late:
Surname: **SMIT**
First names: **AMANDA**
Estate number: **9612/2021**
Identity/passport number: **571231 0015 081**
Date of death: **12/09/2021**
Last address: **30 Tienie Grobler Street, Heilbron, 9650**
The first and Final Liquidation and Distribution Account in this estate will be open for inspection for a period of 21 days from 10 June 2022 at the office of the Master of the High Court Bloemfontein and the Magistrate's Office, Heilbron.
**In case of a marriage in community of property:**
First names and surname of surviving spouse:
**JAN JACOBUS SMIT**
Identity/Passport Number: **580103 5086 087**
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**P.O. BOX 205/591, HEILBRON, 9650**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@coven.co.za**
**TEL: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCUTTE/lm**
**DATE SUBMITTED: 2022/05/31**
**PUBLICATION DATE: 2022/06/10**

## LOST OF DESTROYED DEED


Notice is hereby given in terms of regulation 68(1) of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of Deed of Transfer **T18896/94** passed by **GUISEPPE JACOBUS VERGOTTINI VLOTMAN**
**Identity number 520526 5028084**
Married out of community of property
In favour of
**BAREND JOHANNES VENTER**
**Identity number 600812 5134 004**
Married out of community of property
In respect of:
**ERF 1351 HEILBRON, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE IN EXTENT 2654 (TWO THOUSAND SIX HUNDRED FIFTY FOUR) SQUARE METRES HELD BY DEED OF TRANSFER T18896/94,** which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the Registrar of Deeds at Bloemfontein within two weeks from the date of publication of this notice.
Dated at Heilbron on this 6th day of June 2022.
**JOHANNES HENDRIK JANSEN**
**CONVEYANCER**
**JANSEN PROKUREURS**
**58 PIERCE STREET, HEILBRON, 9650**
**TEL: 058 852 2816**
**aktes@jansenprokureurs.co.za**

BESOEK ONS VIR AL U SKRYFBEHOEFTE BENODIGDHEDE



HAPPY FATHER'S DAY SUNDAY 19JUNE

Buy-a-Bale
Make Your Own Cash!



BEST DEALS ON BALES IN SOUTH AFRICA!
Overcoats Benoni
97 Princes Ave.
011 845 4769
Call SYDNEY now!
072 865 1999
sales@overcoats.co.za
www.overcoats.co.za
WE DELIVER COUNTRY WIDE
OVERCOATS

POSTNET HEILBRON
BESIGHEIDSURE
Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdae:
09:00 -12:00
Elsstraat 42, HEILBRON
Tel: 058 853 0006

Indien u enige nuus vir die Heilbron Herald het kontak
Hendie Lötter
by Tel: 058 852 3033
heraldnuus@heilbron.co.za




# DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.
Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron
R




HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT
Hugo Groenewald
082 569 7205



Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!
www.vleissentraal.co.za
JJ Hadebestraat 97,
Frankfort, 9830
Sel: 082 569 7205
Kantoor: 058 813 1047
VLEISSENTRAAL

BAAL / SNY & BAAL
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of
Piet Meiring 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com
R

BLOEDSKENK DATUMS - 2022
save life Give blood
26 Julie 2022
27 September 2022
29 November 2022

POSTNET HEILBRON
CRIMINAL RECORD CHECKS NOW AVAILABLE AT POSTNET HEILBRON
· STANDARD - 24 TO 48 HOURS – R210.00
· PREMIUM - 5 HOURS – R255.00
· PRIORITY - 2 HOURS – R395.00
Please enquire in store for more information.
All pricing includes VAT. Terms and Conditions Apply.
POSTNET Digital
42 Els Street, (next to Heilbron Herald), Heilbron 9650
Tel: 058 853 0006
Email: heilbron@postnet.co.za • Website: https://heilbron.postnet.co.za

# SMALLS

# EIENDOMME

VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME
Vir die beste transaksies en diens
Elsstr. 47 HEILBRON
Tel: 058 852 2041
Petro Meintjes 083 308 9159

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**
**Tel: (058) 852 3033/4/5 | Faks: (058) 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**
**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Silma** herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# TE HUUR

HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Hannalie Claassen**
**079 040 0531**

WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***

**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

HERALD Sport

# ARNOLD VAT NOU AAN BEKER

"Moenie tou opgooi nie", lui die spreekwoord en Arnold Saaiman het geluister. Hy speel 'n eerste rondte van 45 houe en ruk homself daarna reg deur korte mette te maak van die baan deur sy tweede rondte gelyk aan baansyfer te speel. Hy wen die HBA maandbeker met 'n netto telling van 68 houe. Stan" The Painterman" Khondlo was tweede met 'n telling van 74, gevolg deur Gerrie Muller en Jan Mbongo met 75 netto houe.

Hou jou datum oop vir 2 Julie wanneer die jaarlikse Bokkedag gaan plaasvind. Eben Stander se nommer het opgekom met die "Poker draw", maar die geluk was nie heeltemal aan sy kant nie. Met slegs vier kaarte oor en die pot wat waarskynlik na R200 000 toe gaan, is jou kans goed om dit te wen. Daar gaan ook 'n skaap op die spit wees met groente en rolletjies Vrydagaand. Bespreek vroegtydig jou ete vir R80 per persoon.

Môre is dit gewone spel vanaf 10:30.



*Saterdag se wenners tydens die maandbeker kompetisie vl: Stanley Khondlo, Gerrie Muller, Arnold Saaiman (wenner) en Jan Mbongo.*




# ROLBAL NUUS

Tydens verlede naweek se enkels kampioenskappe het Heilbron spelers hulle baie goed van hul taak gekwyt.

Tracy Jacobs het 'n silwer medalje verwerf in 'n baie spannende wedstryd.

Hannalie Claassen en Rudi Jacobs het deurgedring tot die semi-finaal.

TL en Hendriette het elk 'n wedstyd gewen in hulle romtomtalie wedstryde.

Alhoewel Woensdae aande begin koeler word geniet almal nog steeds die sosiale spel.


*Luane van Hennenman en Tracy Jacobs*




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

Die komende week se BELANGRIKSTE veilings

**DINSDAG - 14 JUNIE 2022**

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Diaan Niewenhuis 083 636 2314

VEREENIGING Weeklikse veiling
Kontak Freek Pieterse 079 560 7088

DUNDEE Twee-weeklikse veiling
Kontak Brokkie Brockmann 084 429 3091

VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak John Campher 072 202 0160

**WOENSDAG - 15 JUNIE 2022**

NORMANDIEN Twee-maandelikse veiling
Kontak Wynand Lens 082 329 0227

VILJOENSKROON: 60STE DIAMANTVEILING VAN NIEKERKSRUST SAVM STOET
11:00, Niekerksrust
Kontak Danie de Wet 082 778 4537

**DONDERDAG - 16 JUNIE 2022**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Roelof Heenop 082 342 1992

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

EMADLANGENI Twee-maandelikse veiling
Kontak Enrico Wiliams 078 937 0923

**VRYDAG - 17 JUNIE 2022**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Marnus Becker 082 873 2002

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Riaan Herbst 076 154 5049

**www.bkb.co.za**
**BKB Louwid 2005/026173/07**
**Posbus 220, Frankfort, 9830**
**Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317**
**e-pos: frankfort@bkblouwid.co.za**

# HEILBRON VOORTREKKERS ONTHOU!

Op 16 Junie dink ons terug aan 16 Junie 1900: Lord Roberts het 'n proklamasie uitgevoer dat huise en plase in die omgewing van spoorlyne afgebrand sou word. So het 'n oorlog van die destydse supermoondheid teen kinders begin. Aanvanklik is amptelik geraam dat 26 000 vroue en kinders as slagoffers in die kamp omgekom het. Die werklike syfer is volgens onlangse navorsing nader aan 34 000. Daarvan was nagenoeg 24 000 kinders. Op Jeugdag dink ons aan hierdie 24 000 seuntjies en dogtertjies wie se boeties en sussies – wat bly leef het – ons oupa- en oumagrootjies. Mag ons hulle nooit vergeet nie. Die Heilbron Voortrekker-terrein is gebou op die plek waar die Heilbron konsentrasiekamp was. Op die terrein is bloekombome wat deur vroue en kinders in die konsentrasiekamp geplant is ter ere van Prins Edward VII se kroning na die afsterwe van sy moeder Koningin Victoria. Die aangrypendste baken is die waterpomp met die inskripsie: "Tot die gedagtenis van kinderoffers 1900-1902. Kinderhandjies het met hierdie pomp voorsien in die daaglikse behoeftes van die konsentrasiekamp".




WINKELURE
**MAANDAE - DONDERDAE:** 07:30 -17:00
**VRYDAE:** 07:30 - 16:30
**SATERDAE**: 08:30 - 13:00
**Elsstraat 44 • Heilbron • Tel: 058 852 3033**

